

Vrydag 18 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 10:34-43

Fokusgedeelte: Handeling 20:43

Reageer op skuldkwytskelding met getuienis

Groot skuld versuur 'n mens se lewe. Afbetaling met rente laat mens swaar leef. Dit plaas groot druk op jou. Sommige betaal 'n hele lewe lank af aan 'n huis of aan ander skuld as gevolg van byvoorbeeld 'n ramp. Hoeveel kere droom mense wat so diep in die skuld is, dat hulle daarvan kan loskom?

Ons sondeskuld is ook ontsettend groot. Te groot vir ons om dit self af te betaal. Ons kan nie in 'n leeftyd self 'n duik daarin maak nie. Inteendeel, ons maak as sondige mense elke dag nog net meer skuld. Dit is so 'n bevryding om te besef dat elkeen wat in die Here glo, se skuld vir hulle vereffen word, onmiddellik vereffen word as die Here ons daarvan vrykoop.

Petrus getuig nou teenoor die nie-Jode, uit die heidense omgewing, dat hulle ook van hulle groot skuld kan vrykom. Die tyd het aangebreek dat die Here uit alle volke, tale en nasies sy kerk bymekaar maak. Die jubeljaar, waartydens die skuld van Israeliete afgeskryf is, het nou vir al die gelowiges in die wêreld aangebreek. Dis nie geldskuld wat vereffen word nie, maar sondeskuld.

Die Ou-Testamentiese profete het al reeds die opdrag ontvang om te getuig dat Jesus Christus kom betaal. Dit was ook 'n opdrag van die Here aan sy dissipels om te getuig (vs 42). Dit is ook 'n opdrag aan ons. Ons het die Woord en Gees wat aan ons persoonlike kennis van ons Here gee. Gaan getuig dan teenoor die wêreld dat almal wat in Jesus Christus glo, van hulle ontsettende groot skuld onthef word! Wat 'n wonderlike troos!

Sing: Psalm 9:1, 6, 7 (NAB) / Lied 188:1-3 / Lied 453:1, 2

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)